



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2012

KUNS EN KULTUUR

PUNTE: 100

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies deeglik deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. Skryf die korrekte nommers langs die antwoorde neer.
3. Skryf NETJIES en LEESBAAR.
4. Alle antwoorde moet op die ANTWOORDBLAD geskryf word en NIE op die vraestel nie.

VRAAG 1**Meervoudigekeuse-vrae**

Kies die korrekte antwoord van die moontlike antwoorde vir elkeen van die onderstaande vrae. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord langs die nommer van die vraag.

DANS

1.1 Lokomotoriese bewegings verwys na:

- A Reis van een plek na 'n ander plek.
- B Beweging rondom die basis van die ruggraat.
- C Beweging dwarsoor die ruimte.
- D Bewegings wat oor die ruimte plaasvind. (1)

1.2 Die verskillende stadiums waarin dans opverdeel kan word:

- A 'n Duidelike begin, middel en einde.
- B Kontemporêre, klassieke en Westers.
- C Streck, draai en buig.
- D Swaar, lig, vinnig en stadig. (1)

1.3 Een van die volgende is nie 'n element van dans nie:

- A Postuur
- B Ruimte
- C Ritme
- D Toonhoogte (1)

1.4 Watersteweldansbewegings sluit in:

- A 'n Fluit, 'n hoogskop en voete wat alle vinniger gestamp word.
- B Klap! Slag! Danspassies wat begelei word deur ritmiese geklap op die bene.
- C Om met 'n maat te dans op die ritme van die musiek.
- D Komplekse en subtiele gebruik van hande en figure, posisies van die hand of vingers om verskillende betekenis uit te beeld. (1)

1.5 'n Persoon wat dansbewegings ontwerp of skep is 'n ...

- A komponis.
- B dansonderwyser.
- C ballet.
- D choreograaf. (1)

VISUELE KUNSTE

1.6 Die volgende is beginsels van ontwerp:

- A Harmonie, verskeidenheid, balans en proporsie
- B Toonhoogte, toon, toonkleur en ritme
- C Kleur, vorm, lyn en toon
- D Ruimte, postuur, gewig en houding (1)

1.7 Positiewe vorms gebruik positiewe ruimte. Die area rondom positiewe vorms en die agtergrond is ...

- A figuratiewe vorms.
- B geometriese vorms.
- C negatiewe spasie.
- D organiese vorms. (1)

1.8 'n Teikenmark verwys na ...

- A om goedere te maak om te verkoop.
- B die groep van moontlike kopers van die produk
- C hoe die mark in jou gebied is.
- D populêre produkte en ontwerpe. (1)

1.9 'n Beeld wat herhaal word in verskillende vorms is 'n ...

- A simbool.
- B animasie.
- C ontwerpsmotief.
- D houtsny. (1)

1.10 Twee tipes tekstuur is ...

- A taktiel en nie-taktiel tekstuur.
- B lyn en vorm.
- C toon en kleur.
- D patroon en vorm. (1)

MUSIEK

1.11 'n Viool is 'n voorbeeld van 'n ...-instrument.

- A koperblaas
 - B slag
 - C stryk
 - D houtblaas
- (1)

1.12 'n Voorbeeld van 'n tegnologiese hulpmiddel wat musiek beïnvloed het is ...

- A knettering.
 - B opera.
 - C vokaalwysies.
 - D 'n rekenaar.
- (1)

1.13 'n Groep van vier musikante wat saam optree is 'n ...

- A opera.
 - B koor.
 - C kwartet.
 - D ensemble.
- (1)

1.14 Voorbeelde van saamgestelde tydsoorttekens:

- A $\frac{2}{4}, \frac{3}{4}, \frac{4}{4}$
 - B $\frac{2}{4}, \frac{6}{8}, \frac{12}{8}$
 - C $\frac{5}{4}, \frac{7}{4}, \frac{3}{16}$
 - D $\frac{6}{8}, \frac{9}{8}, \frac{12}{8}$
- (1)

1.15 Die derde (3^{de}) noot van die toonleer is ...

- A dominant.
 - B mediant.
 - C tonika.
 - D subdominant.
- (1)

DRAMA

- 1.16 Die deurlopende konflik tussen karakters wat daartoe lei dat die gehoor meer wil sien staan bekend as ...
- A rekwisiete.
 - B kostuums.
 - C spanning.
 - D stelle. (1)
- 1.17 Die tipe verhoog waar die gehoor aan twee kante van die saal sit:
- A Voorverhoog
 - B Arenaverhoog
 - C Oopverhoog
 - D Gangverhoog (1)
- 1.18 'n Tipe drama wat hartseer eindig:
- A Riller
 - B Tragedie
 - C Komedie
 - D Musiekblyspel (1)
- 1.19 'n Drama-vertoning sonder voorbereiding, waar besluite van wat om te doen of wat om te sê in die oomblik gebeur, is ...
- A karakterisering.
 - B toneelspel
 - C improvisasie.
 - D uitvoering. (1)
- 1.20 Die voorwerpe of tekens wat iets verteenwoordig om meer betekenis vir die opvoering te gee:
- A Simbole
 - B Spanning
 - C Rekwisiete
 - D Kostuums (20x1) (1)
- [20]**

VRAAG 2

Meld of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:

- 2.1 Tekstuur is die kleur van die oppervlak.
- 2.2 Postuur is die posisie van die liggaam wanneer dit staan of sit.
- 2.3 Gebare beteken om bewegings met die liggaam te maak om te kommunikeer.
- 2.4 Toonsoortteken is die twee nommers wat die tyd van die lied aandui.
- 2.5 Kostuums is die klere wat deur akteurs gedra word.
- 2.6 Visuele tekstuur word gevoel deur dit aan te raak.
- 2.7 'n Kitaar is 'n voorbeeld van 'n houtblaasinstrument.
- 2.8 Toonhoogte beteken hoe hoog of hoe laag die klank is.
- 2.9 'n Vroulike opvoerder op die verhoog is 'n akteur.
- 2.10 Die styging en daling van 'n stem wanneer daar gepraat word is infleksie.

(10x1) **[10]**

VRAAG 3**PAAR KOLOM A MET KOLOM B**

	KOLOM A		KOLOM B
3.1	Animasie	A	Om 'n kunswerk op 'n interessante manier op 'n bord of in 'n raam te sit, vir vertoning
3.2	Hip-hop dans	B	'n Styl van dans wat uit meer as een styl bestaan
3.3	Toon	C	Die plek waar die belangstelling die hoogste is
3.4	Ululasie	D	'n Klein stok wat die dirigent hou om tyd aan te dui
3.5	Montering	E	Instrumente wat van dierevelle gemaak is
3.6	Persoonlike ruimte	F	'n Lang, hoë klank wat stygend en dalend is
3.7	Klimaks	G	Films, video's en rekenaarspeletjies waarin tekenprente of modelle lyk of hulle beweeg
3.8	Dirigeerstok	H	'n Dans met vinnige arm- en bene-bewegings; op die grond draai met die hande, rug en kop
3.9	Fusie	I	Die ruimte om die liggaam van die danser
3.10	Slag-instrumente	J	Die kwaliteit van die stem of klank

(10x1) [10]

VRAAG 4**VUL DIE ONTBREKENDE WOORD/WOORDE IN.**

4.1 ... is iemand wat drama's skryf.

4.2 ... is iemand wat die klavier bespeel.

4.3 ... is 'n beeld wat herhaal in verskillende vorms.

4.4 ... is die storie van iemand se lewe.

4.5 ... is die gedeelte van die danser se liggaam.

(5x2) [10]

VRAAG 5

Verduidelik wat elkeen van die volgende terme beteken:

5.1 Heelnoot

5.2 Mimiek

5.3 Vakmanskap

5.4 Tablo's

5.5 Muurskildery

(5x2) [10]


VRAAG 6


6.1 Identifiseer die volgende MAJEUR Toonsoorttekens:

6.1.1  (1)

6.1.2  (1)

6.1.3  (1)

6.1.4  (1)

6.1.5  (1)

6.2 Skryf die F Majeur toonleer opgaande, op die G-sleutel, sonder toonsoorttekens. (5)
[10]

VRAAG 7

Ontwerp 'n plakkaat.

Kies EEN van die drie kategorieë:

- 'n Algemene plakkaat met 'n boodskap
 - 'n Plakkaat wat 'n gebeurtenis aankondig
 - 'n Plakkaat wat iets adverteer
- (5x2) **[10]**

VRAAG 8

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Gibson Kente:

Biografie: Volhoudende Moeilike Toere Toneelskrywer



Suid-Afrikaanse toneelskrywer, komponis, verwerker en regisseur, Gibson Kente was bekend as die *Vader van Swart Teater* in Suid-Afrika. Hy was ook een van die eerste skrywers om die lewe van die Suid-Afrikaanse township te beskryf. Hy is oorlede aan MIV/Vigs in 2004 na 'n loopbaan van byna 50 jaar. Sy impak op Suid-Afrikaanse kultuur was indrukwekkend. Hy het honderde swart akteurs opgelei en inspireer (insluitende Peter Se-puma, Sello Maake Ka Ncube, Mbongeni Ngema, die wyle Brenda Fassie, en Nomsa Nene) in 'n tydperk toe swart kreatiwiteit onderdruk was en beskou was as 'n bedreiging vir die apartheidstaat. Met beperkte bronne in die townships, het hy musiekblyspele en toneelstukke geskep wat die vrese, hope, vreugdes en swaarkry van swart stedelike gemeenskappe uitgebeeld het.

Hy is op 25 Julie 1932 gebore. Kente het groot geword in Duncan Village, die swart township buite die stad van Oos-Londen in Suid-Afrika se Oos-Kaap. Hy het die Sewende Dag Adventiste Kollege in Butterworth bygewoon. In ongeveer 1956 het hy na Johannesburg getrek. Daar het hy ingeskryf by die Jan Hofmeyer Skool van Sosiale Werk. Hy het 'n gospel jazz groep gestig, Die Kente Choristers. Hy het later sy studies gelos en uiteindelik by 'n swart teater groep, die Union Artists aangesluit. Die township drama was gebore uit 'n musiekblyspel van 1959, *King Kong*. Dit is deur blankes geskryf maar was 'n groot treffer met swart gehore. In apartheid Suid-Afrika, het die term "township" 'n plek aangedui wat nie pastoraal of idillies was nie. Die townships was woonbuurte slegs vir swartes, met *shanties* en asblokhuse tussen die beter huise. Townships is gewoonlik naby groot stede soos Johannesburg. Daar was skole en kerke, maar baie min georganiseerde vermaak.

Hy is op 25 Julie 1932 gebore. Kente het groot geword in Duncan Village, die swart township buite die stad van Oos-Londen in Suid-Afrika se Oos-Kaap. Hy het die Sewende Dag Adventiste Kollege in Butterworth bygewoon. In ongeveer 1956 het hy na Johannesburg getrek. Daar het hy ingeskryf by die Jan Hofmeyer Skool van Sosiale Werk. Hy het 'n gospel jazz groep gestig, Die Kente Choristers. Hy het later sy studies gelos en uiteindelik by 'n swart teater groep, die Union Artists aangesluit. Die township drama was gebore uit 'n musiekblyspel van 1959, *King Kong*. Dit is deur blankes geskryf maar was 'n groot treffer met swart gehore. In apartheid Suid-Afrika, het die term "township" 'n plek aangedui wat nie pastoraal of idillies was nie. Die townships was woonbuurte slegs vir swartes, met *shanties* en asblokhuse tussen die beter huise. Townships is gewoonlik naby groot stede soos Johannesburg. Daar was skole en kerke, maar baie min georganiseerde vermaak.

Volhoudende Moeilike Toere

Kente het 'n teatermaatskappy vroeg in die 1960's gestig. Hy het sy vriende gevra om manuskripte te stuur. Baie min van hulle het aan sy vereistes voldoen. Hy het toe sy eie toneelstukke geskryf. Die eerste hiervan was *Manana, the Jazz Prophet*. Dit het in 1963 sy eerste vertoning gehad. Sy volgende toneelstuk was *Sikhalo*. Dit was 'n reuse sukses en is selfs vir 'n blanke gehoor uitgevoer, in die stad van Witwatersrand in 1965 en 1966. Hierdie en die daaropvolgende township-musiekblyspele het dieselfde kenmerke: die grootste deel van die aksie vind plaas in kwasi-wetlike sjebiens, of taverne wat gewoonlik deur 'n formidabele vrou bestuur word. Die mense wat hierdie sjebiens besoek is, tsotsi's, of boewe, dansende meisies en gewone werkers. Daar was gewoonlik 'n verwaande polisieman vir komediese verligting sowel as vervalde priesters, en 'n Zulu-seun wat sy lyne in gebroke Engels gespreek het. Sang en dans was ook kernelemente van die township musiekblyspel. Kente se orkestrasie het baie elemente van jazz en Afrika gospel bevat.

Kente se musiekblyspele was 'n groot sukses. Hy en sy akteurs was vasbeslote om die vertonings na 'n groter gehoor buite Soweto te neem. Soweto is die township buite Johannesburg en Kente se tuiste. Staatsbepelings het veroorsaak dat hulle 'n permit vir net een vertoning kon kry. Dus was hulle altyd op pad van die een gemeenskapsaal na die ander. Sy groep, G.K.-produksies het 'n hele geslag swart Suid-Afrikaners opgelei. Sommige van hulle sou roem oorsee verwerf het, insluitende persoonlikhede soos Peter Se-puma, Sello Maake Ka Ncube, die wyle Brenda Fassie en Nomsa Nene. Mbongeni Ngema, die skrywer, komponis en regisseur van die musiekblyspel, *Sarafina!* is ook ingesluit!

In die vroeë 1970's, toe Suid-Afrika se gehate apartheidwetgewing amper 'n kwarteeu oud was, het Kente se verhoogwerke sy verset teenoor die blanke-regering begin wys. *How Long*, is eers in Desember in 1973 in Soweto op die planke gebring. Dit vertel die storie van 'n nederige vullisman wat vasbeslote was om vir sy seun, "Africa", te sorg sodat hulle genoeg geld sou hê om die kind op skool te hou. In daardie tyd was opvoedkundige geleenthede vir Suid-Afrika se meerderheid swart bevolking streng beperk. Die staat was van plan om 'n nuwe beleid te implementeer waar Afrikaans, die taal van die van die blanke Suid-Afrikaner, die enigste taal van onderrig in sekondêre skole vir swartes sou wees. Daar was groot weerstand teen hierdie wetgewing van 1974. Hierdie wetgewing het daartoe gelei tot 'n dramatiese en bloedige opstanding in Soweto wat wêreldwyd aandag geniet het.

I Believe, is in April 1974 geproduseer. Sy volgende werk, *Too Late*, het in Soweto in Februarie van 1975 geopen. Dit word beskou as Kente se beste werk. Kente se *Times of London*-doodsberig het berig dat *Too Late*, *I Believe*, en *How Long* profetiese werke was. "Met agternavysheid waarsku hierdie werke dat daar geweld in Suid-Afrika sou wees indien daar nie verandering is nie." "Die owerhede het hierdie toneelstukke met groot vyandskap ontvang en hulle was selfs in sekere teaters verban."

Die Aftog van die Politieke Boodskap

Kente was in 1976 in hegtenis geneem tydens die maak van die rolprent weergawe van *How Long*. Die rolprent het 'n langer titel gehad *How Long Must We Suffer ...?* Dit was tydens die geskiedkundige Soweto opstand geskiet, en was die eerste rolprent in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf wat uitsluitlik deur swartes gemaak is. Kente het ses maande in die tronk deurgebring en na sy ontslaan in 1977 het hy teruggekeer na die musiekblyspel, maar die politieke boodskap het ontbreek. Sy latere werke sluit in *Can You Take It?*, *Lobola*, en *Mama and the Load*, maar die res van die 1980's het die begin van protesteater in Suid-Afrika gesien. Kente het homself distansieer van hierdie beweging en dit selfs gekritiseer omdat dit rassehaat bevorder het.

In 1988 het Kente weer politieke temas gebruik in *Sekunjalo*. Die boodskap was soos 'n waarskuwing aan Suid-Afrika se swart elite om nie hul mag in die toekoms te misbruik nie – indien hulle dit in die toekoms sou hê. Die staatsmagte het ingetree en die hele rolbesetting in hegtenis geneem. Dit was ironies want blykbaar het hulle *Sekunjalo* se boodskap gemis, want dit het gegaan oor 'n swart regering wat hul eie mense erger sou behandel as die blanke regering. "Waarskynlik het iemand die boodskap gekry," het Barron in die *Africa News Service*-artikel berig, "want die toneelstuk is ongeban verklaar en Kente is genooi deur die staats-geborgde Uitvoerende Kunsraad van die Transvaal om die werk in die Staatsteater in Pretoria op te voer." As gevolg hiervan is sy huis in 1989 deur swart ekstremiste met 'n brandbom aangeval.

"Laat ons hande hou. Laat ons nie wegkruip nie."

Kente het finansiëel gesukkel deur die jare. Hy het nooit outeursaandeel van sy vroeër werke verdien nie. Hy was altyd in die skuld. In laat 2003 het hy aangekondig dat hy positief getoets het vir MIV/Vigs. Hy het sy aankondiging gemaak met twee van Suid-Afrika se mees beroemde musieksterre aan sy sy, Hugh Masekela en Miriam Makeba. Hierdie openbare verklaring het lof verwerf van Suid-Afrikaanse politici, insluitende Nelson Mandela. Daar is nog steeds groot taboe rondom hierdie siekte. Kente was een van vier miljoen Suid-Afrikaners wat MIV-positief is. Hy het daardie dag die nasie ingelig dat "sy MIV-status hom langer sal laat leef." Sy *Times of London*-doodsberig het hom aangehaal soos volg: "aangesien ek 'n uitdaging het, omdat ek weet ek het 'n diens teenoor die mense moet ek die publiek inspireer, deur aan te kondig, "Mense die geveg begin! Laat ons hande hou! Laat ons nie wegkruip nie."

Kente is op 7 November, 2004, in Soweto oorlede. Alhoewel sy township-musiekblyspele nie meer gewild was nie en as oud en uit die oude doos gesien was, bly hulle belangrik in die geskiedenis van Suid-Afrika en die stryd na meerderheidsregering. "Een tema wat deur al sy toneelstukke loop is ...die idee van mensebelang en hoop in tye van moeilikheid, met familie en gemeenskap wat altyd daar is om die individu te ondersteun." Hierdie is waargeneem in 'n verhandeling oor sy lewe en werke in *Contemporary Dramatists*.

Gewysig van: <http://en.wikipedia.org>; www.nac.org.za; www.independent.co.uk; www.news24.com

- 8.1 Waar en wanneer is Gibson Kente gebore? (2)
- 8.2 Waar het hy skool gegaan? (1)
- 8.3 Rondom 1956, het Kente Johannesburg toe getrek. Daar het hy by die Jan Hofmeyer Skool van Sosiale Werk ingeskryf.
Hoe het hy by teater betrokke geraak? (1)
- 8.4 "Swart kreatiwiteit was beskou as 'n bedreiging" en was "deur die apartheidstaat onderdruk".
8.4.1 Hoekom? (1)
8.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.5 "Staatsbepelings het daartoe bygedra dat Kente net 'n permit vir een aand kon kry. Hulle was dus gedurig op pad van een gemeenskapsaal na die ander".
Wat dink jy is die negatiewe gevolge hiervan? Gee ten minste TWEE. (4)
- 8.6 Noem ten minste TWEE van Gibson Kente se township musiekblyspele. (2)
- 8.7 Noem ten minste TWEE van die algemene kenmerke van Kente se township musiekblyspele. (2)
- 8.8 Noem ten minste TWEE kunstenaars wat deur Gibson Kente opgelei is. (2)
- 8.9 Noem ten minste EEN van die eerste rolprente wat deur swartes gemaak is in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf. (2)
- 8.10 Toe Kente sy MIV/Vigs-status openbaar gemaak het, het hy positiewe reaksie gelok van die Suid-Afrikaanse politici, insluitende Nelson Mandela.
8.4.1 Was dit goed of sleg? (1)
8.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[20]

TOTAAL: 100

